



Moedertale verhelder, vereer

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) het van 9 tot 11 Februarie 2026 'n moedertaalweek met groot entoesiasme gevier as deel van die aanloop tot Internasionale Moedertaaldag op 21 Februarie 2026. Hierdie vieringe het die belangrikheid van moedertaal, taaldiversiteit en meertaligheid beklemtoon ter voorbereiding van die wêreldwye herdenking van die planeet se derduisende moedertale.

In die week het drie skole - Saxonsea Primêr, Dalweide Primêr en Ronwe Primêr - die ATM besoek om meer te leer oor die rol wat moedertaal in terme van identiteit, kultuur en gemeenskapsvorming speel. Leerders het 'n insiggewende les oor moedertaal ontvang, met die klem op taal as draer van geskiedenis, waardes en kulturele erfenis.

By die museum self het leerders meer geleer oor die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans. Daar is spesifiek gefokus op die diverse gemeenskappe en individue wat bygedra het tot die groei en vorming van die taal.



Deur interaktiewe uitstallings en gesprekke is beklemtoon dat Afrikaans 'n taal is wat uit verskeie kulturele invloede ontstaan het en steeds dinamies ontwikkel.

By die monument is die simboliek en betekenis van die verskillende strukture verduidelik. Leerders het geleer hoe die monument die groei, verskeidenheid en toekoms van Afrikaans uitbeeld. Daar is ook 'n gesprek gevoer oor hoe Afrikaans as

'n lewende taal voortdurend verander en aangepas word deur sy sprekers.

Die ATM is trots daarop om jong leerders bewus te maak van hul taal-erfenis en om terselfdertyd respek vir alle tale en kulture te bevorder. Die instelling sien daarna uit om in die toekoms nog meer skole te verwelkom en saam met hulle die rykdom van taal te vier. Hul webtuiste het ook baie inligting wat met vrug vir skooltake aangewend kan word.



Eerste GRA-publikasies verskyn 150 jaar gelede



Verlede jaar was 'n groot jaar vir Afrikaans en die ATM: As instelling het die ATM sy 50ste verjaarsdag gevier, dit was 100 jaar sedert Afrikaans in 1925 amptelike status in Suid-Afrika ontvang het en dit was ook 150 jaar sedert die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA) in die lewe geroep is in die huis van Gideon Malherbe wat vandag die Taalmuseum huisves.


Hoewel die GRA reeds in 1875 gevorm het, verskyn die eerste vrug van hul arbeid eers in die daaropvolgende jaar, vanjaar presies 150 gelede. Die eerste volwaardige Afrikaanse koerant, *Die Afrikaanse Patriot*, is op 15 Januarie 1876 beskikbaar gestel en enkele maande later ook die "eerste boekie" van die GRA, *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal*. In hierdie opsig is 2026 ook 'n groot herdenkingsjaar vir Afrikaans, veral wat die geskiedenis van gedrukte media betref.

Die Afrikaanse Patriot

"Een Afrikaanse koerant! Wie het dit ooit gedroom!" *Die Afrikaanse Patriot* (soms ook *di Afrikaanse Patriot* geskryf) was die eerste publikasie van die GRA. Vir die eerste jaar word dit as maandblad uitgegee. Dit verskyn elke maand op die 15de dag, behalwe in Oktober 1876 (toe die 15de dag op 'n Sondag val) wanneer dit op Saterdag die 14de verskyn.

Die Patriot raak in sy eerste jaar vinnig gewild en word regoor

Suidelike Afrika gelees. Daar is agente wat die koerant versprei in die Kaapkolonie (vandag die Kaapprovinsies), maar ook so ver as die Vrystaat (Ficksburg, Jacobsdal en Wepener) en in die Transvaal op plekke soos Heidelberg (vandag in Gauteng) en Rustenburg (vandag in Noordwes).



Aanvanklik is die bladsye klein (ongeveer 118mm x 178mm) en elke uitgawe bestaan uit 16 bladsye. Weens die gewildheid van die Patriot, blyk hierdie klein formaat gou nie meer voldoende te wees nie.

In die sesde uitgawe in Junie 1876 word daar aangekondig "met die vollende jaar hoop ons die Patriot groter te lat druk, of meer keer in die

maand". In die September-uitgawe word dit bevestig dat "vollende jaar kom die Patriot al weke uit, en groter in vorm" en begin die koerant dan in 1877 meer gereeld verskyn en in die breëblad-formaat.

Die Patriot gaan van krag tot krag in sy eerste jare, maar ná effens minder as drie dekades, loop dit uiteindelik dood. Die Patriot verskyn vir die laaste keer in 1904.

Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal

"Ons taal het syn wetten net so goed as eenge taal in die wêreld." *Die Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* is "die eerste sistematiese beskrywing van Afrikaans". Volgens Loubser (1980:i-ii) "[was] die bedoeling nie om 'n volledige beskrywing van Afrikaans te gee nie. Die doel was eerder propagandisties, nl. om, in 'n tyd toe baie mense beweer het dat Afrikaans nie 'n taal is nie, aan te toon dat Afrikaans, soos enige ander taal, sy wetmatighede het."

Die boekie beslaan slegs 29 bladsye en het sy beperkinge, veral as taalkundige werk, maar in die voorwoord maak die skrywers hul beskeie oogmerk duidelik: "Di's mar 'EERSTE BEGINSELS' wat ons hier ge; di's nog nie een eintlikke spraakkuns nie."

Reeds in die tweede uitgawe van die Patriot, wat op 15 Februarie 1876

verskyn het, word die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* op die voorblad verkondig en dat dit "wort nou gedruk, en sal binnen kort te koop wees by alle Boekverkopers".

Maar al 'n paar maande vantevore, reeds op die GRA se stigtingsvergadering op 14 Augustus 1875, word daar in die notule melding gemaak van 'n "Afrikaanse Spraakkunst". Met die vergadering op 4 Desember 1875 is die eerste deel van die spraakkunst klaar, maar daar word besluit dat 'n deel oor die sinsleer en die versleer ook nog moet bykom.

Uiteindelik in April 1876 is die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* klaar gedruk "en te kry by alle Boekverkopers in die Kaap en op Buitendorpe". In die *Patriot* van 15 April 1876 word daar genoem dat die eerste oplaag bestaan uit 'n 1 000 boeke.

Loubser (1980:i) meen dit het blykbaar in 'n behoefte voorsien, want

teen 1882 het dit nodig geword om 'n tweede uitgawe van die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* te laat druk in 'n oplaag van 6 000 eksemplare.

Waar kan ek hierdie publikasies raadpleeg?

Die ATM beskik oor beide hierdie eerste publikasies van die GRA en dit kan by die Taalmuseum besigtig word.

Buiten vir die oorspronklike uitgawes, is faksimilee-weergawes ook in die 1970's uitgegee. Hierdie faksimilee-uitgawes word nie meer gedruk nie, maar is maklik opspoorbaar by meeste biblioteke of tweedehandse boekwinkels. Die eerste jaargang van die *Patriot* is in 1974 uitgegee deur Tafelberg-Uitgewers vir die *Patriot-Vereniging* vir Afrikaanse Teksuitgawes van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

Die *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal* is saam met die

DIE Afrikaanse Patriot.

"Eert uwen vader en uwe moeder, opdat uwe dagen verlengd worden in het land dat u de Heere uw God geeft."—*Het vijfde Gebod.*

DEEL I.] SATURDAG, 15 APRIL, 1876. [No. 4.

Eerste beginsels van die Afrikaanse Taal, UITGEDE DEUR DIE GENOOTSAP VAN REGTE AFRIKAANDERS.

DIE EERSTE BEGINSLS VAN DIE AFRIKAANSE TAAL is nou gedruk, en te kry by alle Boekverkopers in die Kaap en op Buitendorpe. Waar is die vyande nou? Nou kan hulle sien! Ons taal het syn wette net so goed as eenige taal in die wêreld. En 1,000 is gedruk ver die eerste slag. Verbeel jou, net mar een sikspens kos dit.

DIE GESKIEDENIS VAN ONS LAND IN DIE TAAL VAN ONS VOLK wort ook nou gedruk. Hou julle klaar; koop dit, so's dit uitkom! Dan kan julle sien wat hier in die land gebeur is van die eerste Portugees hier gekom het tot vandag toe.

LET OP!

Alle briewe, enz. moet geadresseer wees:—LOKOMOTIEF, Kantoor van "De Zuid-Afrikaan," Kaapstad.

An Intekenaars.

Ons sal die name van die Agente agterop druk, dan kan elkeen sien waar hy moet inteken en betaal. Wie nou nog inteken, kryg nog die nommers wat al uitgekom is. Ons het eksprees een menigte o'er lat druk. Mar dit wort nou al min. So dat, as imand nog die vorige nommers ook wil hê, hy moet gou maak, anders kryg hy dit nie meer nie.

Fergelykende Taalkunde fan Afrikaans en Engels (wat oorspronklik in 1897 verskyn het) uitgegee in 1980 deur Tafelberg-Uitgewers vir die Instituut vir Vroeë Afrikaans.

Verder, die eerste jaargang van die *Patriot* sowel as uitgawes van ander jaargange, is onlangs deur Nuuseum gedigitiseer. Dit behoort binnekort aanlyn beskikbaar te wees by argief.nuuseum.media/koerante-1/die-afrikaanse-patriot – Samuel Minnaar

Bronne:

Loubser, J.E. 1980. *Eerste Beginsels van die Afrikaanse Taal en Fergelykende Taalkunde van Afrikaans en Engels*. Faksimilee-uitgawe. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

Nienaber, G.S. 1974. *Die Afrikaanse Patriot: 'n Faksimilee-weergawe van die eerste jaargang 1876*. Kaapstad: Tafelberg-Uitgewers

VERVOE'ING VAN DIE HULPWERKWOORDE.

ONBEPAALEDE MANIER.

Te'enwoordige tyd	Hiê	Wees	Worre	Sal	Kan	Moet	Wil
Verlede tyd	gehad hê	gewees hê	geworre hê	—	gekan hê	gemoet hê	gewil hê
Verlede deelwoord	gehad	gewees	geworre	—	gekan	gemoet	gewil

BEPAALEDE MANIER.

Te'enwoordige tyd	ek het	ek is	ek wort	ek sal	ek kan	ek moet	ek wil
Onvolm. verlede tyd	ek had	ek was	ek wert	ek sou	ek kon	ek moes	ek wou
Volmaak verlede tyd	ek het gehad	ek is of was	ek is of was geworre	—	ek het gekan	ek het gemoet	ek het gewil
Eerste toekomst. tyd	ek sal hê	ek sal wees	ek sal worre	—	ek sal kan	ek sal moet	ek sal wil
Twede toekomst. tyd	ek sal gehad hê	ek sal gewees hê	ek sal geworre hê	of —	ek sal gekan hê	ek sal gemoet hê	ek sal gewil hê
Eerste voorwaardel. toekomstige tyd	ek sou hê	ek sou wees	ek sou worre	—	ek sou kan	ek sou moet	ek sou wil
Twede voorwaardel. toekomstige tyd	ek sou gehad hê	ek sou gewees hê	ek sou geworre hê	of —	ek sou gekan hê	ek sou gemoet hê	ek sou gewil hê



Water is meer as net lewe

Op 10 Maart het die ATM 'n leersame Waterweek-geleentheid aangebied in samewerking met die Cape Leopard Trust, Nature Connect en CapeNature. Die dag het gefokus op bewusmaking oor die belangrikheid van water en die rol wat dit in mense se daaglikse lewe en in die omgewing speel.

Sowat 260 leerders van Soneike High School in Kuilsrivier het die geleentheid gehad om deur middel van verskeie opvoedkundige aktiwiteite meer te leer oor waterbewaring, biodiversiteit en die beskerming van ons natuurlike hulpbronne.



Die tema van die dag, "Water – Ons Lewenslyn en ons Regte", het sterk aangesluit by die viering van Menseregtedag wat 21 Maart gevier word. Die tema beklemtoon dat toegang tot skoon water nie net noodsaaklik vir oorlewing is nie, maar ook 'n fundamentele mensereg is.

Deur gesprekke, aanbiedings en praktiese demonstrasies is leerders aangemoedig om krities te dink oor

hoe waterbronne beskerm en volhoubaar bestuur kan word. Die deelnemende organisasies het uiters interessante, interaktiewe sessies aangebied waar leerders meer kon leer oor die verband tussen water, ekosisteme en wildelewe.

Die ATM speel deurgaans 'n belangrike rol om kultuur, taal en omgewingsbewustheid saam te snoer. Deur inisiatiewe soos hierdie kry jongmense die geleentheid om nie net oor hul taal- en kultuurerfenis te leer nie, maar ook oor hul verantwoordelikheid teenoor die natuur en die groter gemeenskap. Waterweek by die ATM het dus 'n belangrike boodskap oorgedra: water is ons lewenslyn, en die beskerming daarvan is 'n gedeelde verantwoordelikheid.





**Vaarwel,
Diana,
vaarwel**



Op 25 Februarie het die ATM tesame met die Mengelmoesdigters 'n gratis poësie-dag aangebied ter viering van die skrywer Diana Ferrus (29 Augustus 1953 – 30 Januarie 2026) se lewe en werk.

Met die afsterwe van Ferrus vroeër vanjaar, het 'n groot stem in die (Suid-)Afrikaanse wêreld stil geword. Die ATM het dit daarom as gepas geag om saam met die Mengelmoesdigters hierdie merkwaardige persoon asook haar skeppende en aktivistiese nalatenskap te vier, veral omdat die instelling ook 'n langdurige verbintenis met haar gehad het.

Daar is 'n kers aangesteek waarna Merle Danhouse 'n oorsig gegee het van Ferrus se lewe voordat Gaireyah Fredericks 'n huldiging gelewer het. 'n Hoogtepunt was die lees van verskillende gedigte asook huldigingsgedigte vir Ferrus. Beide gesoute Mengelmoesdigters sowel as leerders van die Bergrivierskool in Wellington was aan die woord. Almal het ook saam Ferrus se bekende gedig "I've come to take you home" gelees.

Dit was 'n baie spesiale dag en na die tyd het die sowat 30 mense wat die program bygewoon het, gesellig saam gekuier en staaltjies oor haar lewe uitgeruil.



**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM** **DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
kultuur, natuur, plesier

PAASFEES RETDAG

Speletjies, Pieknieks, Kunsvlyt,
Speelparke & Bederfpakkies
SATERDAG 4 APRIL
09:00-13:00
@ Taalmonument, Paarlberg
Volwassene R40 | Kind R60
Bespreking vooraf noodsaaklik
021 863 0543, 076 017 6026 (WA)
opvoedkundige@taalmuseum.co.za **Betaal by hek**
Advance booking essential. Pay at entrance

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
kultuur, natuur, plesier **PAARL**

Wen 1 van 2 gesinsjaarpermitte!

Sê vir ons wie jy graag wil sien optree by die monument en staan 'n kans om 'n prys te verower. Klik op taalmuseum.co.za/wat-gebeur om in te skryf - dis kort en kragtig.

Let us know who you want to see perform at the monument and stand a chance to win one of two annual permits for a family of four. Click on taalmuseum.co.za/en/whats-on-to-enter - it's short and sweet.

* Pryse sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaie en volmaanknieks vir 'n volle jaar in. Boonop kan jy die prys oordra aan vriende of familie.

SLUIT @ 17:00, 10 April 2026 **DETAILS, B's & V's** taalmuseum.co.za/wat-gebeur

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM** **DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
kultuur, natuur, plesier

Welkom by die Groen Gallery

waar die Godmother van Afrikaans die sepiet swaai

Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) is verheug om kragtige met Sumayyah Petersen te sê dankie 'n uitstalling wat 'n keur van haar gedigte uit 'Kortpad na Makkah' sowel as ander werke bevat. Die uitstalling (tot einde Junie) in die Groen Gallery op Paarlberg verwoord haar kreatiewe stem, visie en artistieke reis.

Sumayyah, bekend as die Godmother van Afrikaans, is 'n dinamiese jong stem en kulturele bewaarder wat Afrikaans met orgaan bevorder as 'n taal van trots, identiteit en sosiale geregtigheid. Haar werk staan op die kruispunt van geskiedenis, spiritualiteit en gemeenskapsherstel, waar sy dieper lewens van Afrikaans ontgin en nuwe betekenis daaraan gee.

By is 'n onlangse ontvanger van die Afrikaanse Taalraad se Kokerprys, 'n erkenning van haar unieke bydrae tot die bevordering en herontdekking van die taal. Haar debuut-digbundel, 'Kortpad na Makkah', verskyn tinnertoe en neem leser op 'n intieme reis van die taal - 'n pad van genot, selfontdekking en geleefde te midde van die uitdagings van die lewe. Deur haar gedigte bring sy nie net haar eie verhaal na vore nie, maar skryf sy ook ander se pyn en hoop tak, en vind sy self hoeskoring in die proses.

Haar teks, 'Van Makkah tot Moordstad: Die Monumente van Afrikaans', seel as haar werk 'Afrikaans se Verborgte Geskiedenis'. Die Rol van die Kaapse Moslemgemeenskap, wep lig op die dikwels onderbeligte bydrae van die Kaapse Moslemgemeenskap tot die ontwikkeling van Afrikaans. Sy gee hiermee erkenning aan haar Malesie erfenis en die nalatenskap van haar voorvaders wat 'n fundamentele rol gespeel het in die vorming van die taal.

Vir Sumayyah is Afrikaans veel meer as net 'n taal - dit is 'n lewende ervaring: "Afrikaans leef in kastele waar mensie lag en hul drome wag, dit leef in kerke waar stemme saamfluister en -sing, dit leef in moskee waar gebede sag sag roep lippie spoei. Afrikaans loop kaalvoet deur dorre en dra hoedskakke in stede."

Sy glo vas dat Afrikaans 'n taal vir almal is: "Ons taal is 'n menslike gebou deur baie hande - met baie historiese paaie, baie seer en baie hoop. Julle daarom is dit sterk, is dit waardig en het dit 'n toekomst."

Volgens Michael Jones, direkteur van die ATM, is die missie van hierdie lewende instelling om onder meer die rye diversiteit van Afrikaans se ontstaan en geskiedenis ook haar moderne gedaantes te vier. "Die meeste besoekers is nie net baie geïnteresseerd in die geskiedenis van Afrikaans nie, maar ook noukeurig oor die taal se ontwikkeling en haar pragtige skakende geduides aansien dit nuwe perspektiewe bied op die bestaansofwel van Afrikaanssprekende Afrikaans."

Die argitek van die monument, Jan van Wijk, het sterk gevoel oor die natuur en daarom word by verrewer deur die buitegalerie waar sy as in 'n roos ingesessel is, omring deur intieme oerhout en grasie. 'n Uitstalling van verskeie Afrikaanse skrywers word elke paar maande in die galerie se uitstapke van herwinne hout en glas aangebied om hulle op die monument se kulturele en natuurlike aspekte te fokus.

- Sien taalmuseum.co.za/groen-gallery vir die huidige en vorige uitstallings
- Kunstewerk: Tasneem Chohan. Foto: George Herald
- Kontak Sumayyah op sumayyahpetersen@outlook.com of via [facebook.com/groen-gallery](https://www.facebook.com/groen-gallery)
- © Kapteyn berus by outeur

taalmuseum.co.za/groen-gallery

taalmuseum.co.za/wat-gebeur

taalmuseum.co.za/en/whats-on

**DIE AFRIKAANSE
TAALMUSEUM** **DIE AFRIKAANSE
TAALMONUMENT**
PASTORIELAAN, PAARL **PAARLBERG**
kultuur, natuur, plesier

'n Nag onder die sterre

51^{STE} BESTAANSJAAR DANS

'Want elke ster vertel 'n verhaal'

SATERDAG 7 NOVEMBER 2026
PAARL-STADSAAL 18:00
R200 PER PERSOON
R2 000 PER TAFEL VAN 10
SLUIT LIGTE VERVERSINGS IN!

KAARTJIES: RODENE WILLIAMS 021 863 0543 ADMIN@TAALMUSEUM.CO.ZA 076 017 6026 (WA)

AFSLAGPRYSE BY DIE MONUMENT

- Verjaar jy? Toon jou geldige SA ID vir gratis toegang!
- As jy die museum in die Paarl en die monument op Paarlberg op dieselfde dag besoek, kry jy 'n R10-afslag vir die tweede besoek. Hou jou kwitansies as bewys.
- Gratis vir Drakenstein-inwoners met geldige biblioteekkaartjies op die volgende gedenkdae: Internasionale Moedertaaldag 21 Feb, Menseregterdag 21 Mrt, Internasionale Dag vir Monumente en Terreine 18 Apr, Vryheidsdag 27 Apr, Werkersdag 1 Mei, Internasionale Museumdag 18 Mei, Afrikadag 25 Mei, Jeugdag 16 Jun, Vrouedag 9 Aug, Taaldag 14 Aug, Erfenisdag 24 Sep en Taalmonument se verjaarsdag 10 Okt.

WAARDEER DIE FASSINERENDE SIMBOLIEK BETER

- Gratis, begeleide tweetalige toere op weksdae; naweke en vakansiedae slegs as vooraf bespreek by ontvangs@taalmuseum.co.za vir 'n minimum van 20 persone.
- Gratis inligtingsbrosjures in 22 tale en oudiotoere in Afrikaans, Xhosa, Engels, Frans, Nederlands en Duits beskikbaar. Daar is ook 'n braille-weergawe.

BEKOSTIGBARE PERMITTE

- **JAARPERMIT:** Slegs R120 vir individue en R220 vir 'n gesin van vier. Dit sluit onbeperkte toegang tot die museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **BERGFIETSRYPERMIT:** Gewone toegangsfooi per dag of jaarpermit van R220 per persoon. Laasgenoemde sluit onbeperkte toegang tot bergafbane, museum, monument, bistro, wandelpaaië en volmaanpieknieks in.
- **STAPPERMIT:** Gewone toegangsfooi en R20-deposito vir sleutel.

DIE AFRIKAANSE TAALMONUMENT
kultuur, natuur, plesier PAARL

GESLUIT
CLOSED * IVALIWE
7-11 APRIL 2026

Weens verfilmingswerk sal die Taalmonument helaas van 7 tot 11 April gesluit wees. Ons vra om verskoning vir enige ongerief. Sien taalmonument.co.za vir algemene besoekersinligting.

Due to a film shoot, the Taalmonument will unfortunately be closed from 7 to 11 April. We apologise for any inconvenience. See taalmonument.co.za/en for general visitors information.

Volg die ATM se webtuiste en sosiale media of teken in op hul nuusbriëf om op hoogte te bly van alle geleenthede.

facebook.com/afrikaansetaalmonument

instagram.com/taalmonument

whatsapp.com/channel/0029VazPoESId7nUsOYdJD28

taalmuseum.co.za/kontak-ons/#nuusbriëf

BISTRO @ TAALMONUMENT

**TANS GESLUIT TOT VERDERE
KENNISGEWING ***
CLOSED UNTIL FURTHER NOTICE

**GASTE WELKOM OM EIE SPYS EN DRANK
TE BRING EN PIEKNIK TE HOU**
VOLG ATM OP SOSIALE MEDIA OF HUL
WHATSAPP-KANAAL VIR JONGSTE NUUS

TAALMONUMENT.CO.ZA

* Opknappingwerk vind plaas en tenders
vir nuwe huurder ingewag
kontak fin.assist@taalmuseum.co.za